

24 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 138

Fokusgedeelte: Psalm 138:2, 7, 8

Die Naam, Woord en Hand van die Here

Die Bybel besing God se grootheid deur middel van verskeie vergelykings. In hierdie Psalm is daar drie daarvan –

- Sy Naam – JAHWEH (“Ek is wat Ek is” – Eks 3:14) – is sy bekendstelling van Homself: Hy het mag oor alles wat met mag verbind word: gode, konings, hoogmoedige mense (vs 1, 4, 6). Om sy Naam te loof, is om sy verbondsliefde en -trou te bely.
- Sy woord is sy belofte. Dit spruit voort uit sy Naam. Só getrou is Hy aan sy belofte-Naam dat wat Hy ook al in die verlede gedoen het, gering is teenoor wat Hy steeds doen en nog gaan doen. Hy laat almal, ook konings, sy goedheid en grootheid sien en hoor.
- Sy (regter)hand spel sy mag en sorgsaamheid. Hy steek sy magtige regterhand uit om sy kind van vyande te red (vs 7).

Hierdie drie vind hulle vervulling in die koms van Jesus. Hy is die Hand wat God na nederiges uitsteek; die Woord van God wat mens geword het; *Johannes 1:14* – enigste Naam op aarde waardeur God ons wil verlos (*Hand 4:12*).

Onthou u sy hand wanneer u moedeloos, verneder, teleurgestel is? Ken u sy Woord goed genoeg om te weet wat Hy u alles belowe? Respekteer u sy Naam by mense wat Hom nie erken nie?

Sing: Psalm 138:1, 2, 3 (2001)

Ds J Botha (Laeveld)

